RAADSBELEID

ONDERWERP : SKADUNET EN ANDER AFDAKKE

VERWYSING : 15.4.1.3.B

BESLUIT NR : 22.18/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om voorsiening te maak vir die oprigting van skadunet en ander afdakke op ‘n gekoördineerde en ordelike wyse.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Om die publiek in staat te stel om ‘n veilige bekostigbare struktuur vir die beskerming van eiendom op te rig.

RIGLYNE
Alle skadunet en ander afdakke binne die regsgebied van Munisipaliteit //Khara Hais moet aan die volgende vereistes voldoen:

1. Alle skadunet en ander afdakke moet op 'n stewige pyp of gemesselde steenpilare rus.

2. Indien die voorgestelde konstruksie groter as 40m² is, bouplanne ingedien moet word.

3. Alle skadunet en ander afdakke moet netjies en afgerond wees.

4. Die net by skadunet afdakke moet stewig en netjies gespan word en sodra dit onooglik raak, moet dit herstel of verwyder word.

PROSEDURE
1. Alvorens enige skadunet afdak of afdak opgerig mag word, moet daar by die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer aansoek gedoen word vir kleinere bouwerke.

2. Alle aansoeke wat ontvang word sal op eie meriete oorweeg word.

ROLLE
Die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer.

VERWANTE BELEID
Skemaregulasies.

HERROEPING EN WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.